

10 Desember

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:11-22

Fokusgedeelte: NGB, Art 34

Die doop – waarom kindertjies gedoop word

'n Kind wat vir Suid-Afrikaanse ouers gebore word hoef nie aansoek te doen om Suid-Afrikaanse burgerskap nie. Die kind hét burgerskap kragtens geboorte en word as Suid-Afrikaner erken totdat die burgerskap afgelê word. Buitelanders moet egter aansoek doen om Suid-Afrikaanse burgerskap. As hulle aan bepaalde vereistes voldoen het kan hulle burgers word.

Dieselfde geld ook vir die koninkryk van God. Buitelanders (ongelowiges) wat deel wil word van God se koninkryk moet eers aan bepaalde vereistes voldoen. Hulle moet Jesus Christus as enigste Verlosser bely en Hom dien en volg. Waar buitelanders tot hierdie belydenis kom, ontvang hulle toegang tot die koninkryk van God en ontvang hulle die volwasse doop as teken van hulle burgerskap.

Kindertjies wat egter vir gelowige ouers gebore word, word BINNE die koninkryk van God gebore. Hulle is koninkrykskinders! Die doop, as teken van burgerskap, kan dadelik aan hulle bedien word, want hulle staan kragtens geboorte binne die verbond met God.

Kragtens hierdie verbond beskou God hulle as EEN met Christus (vers 13). Hulle het dus (al was hulle nog nie gebore nie) saam met Christus aan die kruis gesterf en saam met Hom tot 'n nuwe lewe opgestaan. Hulle is met God versoen (vers 15) en het deur Christus vrye toegang tot die hemelse Vader (vers 18).

As jy een van die kinders is wat God só onverdiend deel van sy koninkryk gemaak het, moet jy hierdie wonderlike burgerskap vasgryp. Leef naby God (vers 19) en gee alles om saam met ander gelowiges opgebou te word as 'n geestelike land (huis) waarin God woon (vers 22). Jy is immers gedoop!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)